Evangelisasie en Dissipelskap

Oh, how precious is time, and how it pains me to see it slide away, while I do so little to any good purpose. –David Brainerd

Evangelisasie en Dissipelskap

Vir geslagte lank stry Christene oor die vraag: Wat is die belangrikste: om die evangelie te verkondig of om dissipels te maak? Hierdie vraag is net so onsinnig as om te stry oor watter kant van die muntstuk die belangrikste is. Jesus se Groot Opdrag aan sy dissipels (Matteus 28:19 – 20) kan slegs uitgevoer word as beide evangelisasie en dissipelskap uitgevoer word.

Jesus het gepreek vir diegene wat nie bekeer was nie: *Van toe af het Jesus begin preek en gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."* (Matteus 4:17). *Die Seun het immers gekom om te soek en te red wat verlore is* (Lukas 19:10).

Maar Jesus het ook gekom om dissipels te maak – om gelowiges te ontwikkel. *Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak* (Matteus 4:19).

Jesus het geëvangeliseer en dissipels gemaak. Vir Jesus was dit twee kante van dieselfde muntstuk. Maar wat was Jesus se muntstuk? God se koninkryk. Jesus gaan in die hele Galilea rond en leer mense in hulle sinagoges. Wat leer Hy hulle? *Die evangelie van die koninkryk* (Matteus 4:23). Sy visie was die uitbreiding van God se koninkryk: *Laat u koninkryk kom* (Matteus 6:10).

Wat beteken alles? Vir diegene wat verlore was, beteken God se koninkryk evangelisasie; vir sy volgelinge beteken dit dissipelskap.